# VRAESTEL 3: SKRYF: OPSTEL EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

**NOVEMBER 2017** **TOTAAL: 100**
**TYD: 2 ½ UUR**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING C: Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   Gebruik ŉ kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde.
   Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word.
   Trek ŉ streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:
   **AFDELING A: 80 minute**
   **AFDELING B: 40 minute**
   **AFDELING C: 30 minute**
8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. Skryf die aantal woorde onderaan jou skryfstuk.
11. Skryf netjies en leesbaar.

© e-classroom 2017

# AFDELING A: OPSTEL
# VRAAG 1:

- **Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**

1.1 "En as ek die dag my hand in joune sit, sal ek my padkaarte bêre met die wete: my reise op soek na jou is nou verby". ~ Antjie Krog (50)

**OF**

1.2 Die verwoestende effek van dwelms op tieners se lewens. (50)

**OF**

1.3 Dit was 'n groot fout. (50)

**OF**

1.4 Sport: die antwoord op Suid-Afrika se vetsug probleem. (50)

**OF**

1.5 Ons soek na ware rolmodelle.

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Voorsien jou opstel van 'n gepaste titel. Daar moet 'n baie duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy kies.

1.6.1



(50)

**OF**

(Uit: Google images)

1.6.2



(50)

© e-classroom 2017

**OF**

1.6.3




(50)

(Uit: Google images)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2:

- **Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**
Jou ouers het so pas vir jou gesê dat hulle vir jou jou droomkar gaan gee vir jou 18de verjaarsdag. Skryf nou ŉ vriendskaplike brief aan jou vriend/in waar jy hom/haar hiervan vertel. (50)

**OF**

2.2 **DIALOOG**
Jou troeteldier word vermis en jy is besig om plakkate op te sit. Iemand keer jou voor en sê hulle dink hulle het jou troeteldier gesien. Skryf nou ŉ dialoog van hierdie gesprek neer. (30)

**OF**

2.3 **RESENSIE**
Jy het so pas die nuutste film gesien. Skryf nou ŉ resensie waar jy jou mening van die film weergee. (30)

© e-classroom 2015

**OF**

2.4 **HULDEBLYK**

ŉ Baie bekende sportster besoek julle skool. Hy of sy is toe onverwags oorlede. Lewer nou ŉ huldeblyk oor sy of haar lewe. (30)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

# AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

# VRAAG 3:

Kies **EEN** vraag en skryf **80-100** woorde oor die onderwerp.

1. Daar moet bewys van beplanning en redigering wees.
2. Dui jou finale skryfstuk duidelik aan.

3.1 **UITNODIGING**

Jy beplan reeds jou matrieknaweek. Ontwerp nou ŉ uitnodiging wat jy aan almal kan stuur (20)

**OF**

3.2. **POSKAART**

Jy au pair vir ŉ jaar na skool en het besluit om vir jou familie ŉ poskaart vanuit die vreemde te stuur. Skryf dit hier neer. (20)

**OF**

3.3. **INSTRUKSIES**

Jou ouma het pas 'n slimfoon gekry en wil nou vir haar WhatsApp aflaai. Skryf nou vir haar die instruksies neer om WhatsApp vanaf die Toep-winkel af te laai en op haar slimfoon te installeer. (20)

**AFDELING C: 20**

**GROOT TOTAAL: 100**

© e-classroom 2017